

Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, Die Gesalfde Een, die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 11: Vayigash – En Hy Het Nader Gekom

Toe kom Y'hudah nader na hom toe en sê: "O, my meester, laat u dienskneg asseblief 'n woord praat in die ore van my meester en laat u toorn nie teen u dienskneg ontvlam nie, want u is self soos Farao. Gen, 44:18 – PWL¹

Torah : Gen. 44:18 tot 47:27

Haftorah: Eseg. 37:15 tot 28

Nuwe Verbond: Matt. 10:6; 15:24; Joh. 5:1 tot 47; Rom. 9:1 tot 29; Rom. 11:13 tot 24; Efes. 2:11 tot 22.

Hierdie notas is aanvullend tot vorige jare se notas vir Parashah 11 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

Experience is not what happens to a man; it is what a man does with what happens to him – Aldous Huxley

Life is not the way it's supposed to be. It's the way it is. The way we cope with it is what makes the difference. Torah teaches us how to cope with life – Anonymous.

Joy is the simplest form of showing gratitude – Anonymous

I only experienced true joy when I stopped pursuing happiness – Anonymous

The hardest arithmetic to master is that which enables us to count our blessings – Eric Hoffer.

Things don't make us happy. Happiness and pleasure comes from focusing on what you have. If you don't appreciate what you have, you won't appreciate what you get. – Kalman Packouz.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Torah Bespreking

Hersiening

Verlede week se Torahskriflesing was die begin van dié deel van die geskiedenis van Yosef om sy broers te vergewe sonder vergelding vir die onreg wat hulle hom aangedoen het toe hulle hom aan slawehandelaars op die ouderdom van 17 jaar verkoop het. Hierdie is 'n sinnebeeld van die onverdiende guns van God vir vergifnis van sonde deur vertrou in ons Meester Yeshua, dié Gesalfde Een.

Yosef is ook in ander opsigte 'n sinnebeeld van Yeshua en hy word vereenselwig met die eerste koms van dié Gesalfde van God. Daarom word Yeshua ook *Mashiach Ben Yosef* (dié Gesalfde Seun van Yosef) genoem, naamlik die dienende en lydende Gesalfde Een. Soos wat Yeshua van Homself self gesê het:

net soos die Seun van die mens nie gekom het om bedien te word nie, maar om te dien en Homself as 'n Losprys vir baie te gee. Matt. 20:28.

Ons leef steeds in die dispensasie van *Mashiach Ben Yosef* en daarom is ons ook die dienende, en dikwels die lydende, studentevolginge van Yeshua. Tot met die wederkoms van Yeshua sal ons lewe ook in vele opsigte soos die van Yosef wees. Ons sal beproef word en daagliks met probleme, versoeking en uitdagings worstel. Ons lewe sal nie altyd verloop soos ons dit verkies of beplan het nie, maar ons moet, soos Yosef, besef en vertrou dat Vader-God in beheer is – al lyk dit nie altyd so nie!

Hierdie week se Torahskriflesing is 'n voortsetting van die geskiedenis van die versoening tussen Yosef en sy broers, asook van die hereniging van Yosef met sy vader Ya'akov. Dit is die begin van die jarelange verblyf van Yisra'el in Mitzrayim!

Om mekaar te dien

In Matt. 23:8-12 leer Yeshua Sy studentevolginge, verwysend na die leraars van die wet en die Fariseërs, 'n baie belangrike Koninkryksbeginsel toe Hy gesê het:

8 maar julle, laat julle nie 'my groot een' noem nie, want daar is net Een wat Groot is en julle is almal broers.

9 Julle moenie julleself op die aarde vader noem nie, want een is julle Vader: Hy wat in die hemel is.

10 Julle moet julle ook nie leiers laat noem nie, want een is julle Leier: Die Gesalfde Een.

11 Hy wat groot is onder julle moet julle dienskneg wees

12 en enige een wat homself verhoog, sal verneder word en wie homself verneder, sal verhoog word.

In יהוה se Koninkryk is daar nie plek vir menseverering en hoogmoed nie! Daarom moet ons nie soos die leraars van die wet en die Fariseërs wees nie, want hulle is gestel op hulle status en hul erkenning in die samelewing (Matt23:5-7). Maar Yeshua het gesê: “enige een wat homself verhoog, sal verneder word en wie homself verneder, sal verhoog word”.

Yosef se lewe is 'n voorbeeld van hierdie Koninkryksbeginsel. In sy vader se huis het Yosef meer aansien gehad as sy broers en sy optrede, soos met die oorvertel van sy drome, asook die feit dat sy vader Ya'akov hom meer liefgehad het, was sodanig dat sy broers hom gehaat het en afgunstig op hom was (Gen. 37:4, 5, 11).

Yosef moes eers verneder word, sodat God hom kon verhoog. Hy het van Ya'akov se liefing seun gedaal tot die lewe van 'n slaaf in Mitzaryim en uiteindelik 'n gevangene in die tronk. Hy was vir sowat twee dekades onregverdig behandel, hoewel God hom te midde van dit geseën het. Maar nadat Yosef die drome van Farao uitgelê het, is hy onmiddelik van 'n vernederende gevangene verhoog tot die tweede in bevel van Farao se koninkryk.

39 Farao sê vir Yosef: “Aangesien God dit alles aan jou bekend gemaak het, is daar niemand so onderskeidend en wys soos jy nie.

40 Jy sal oor my huis wees en my hele volk sal regeer word volgens jou bevel; alleen aangaande die troon sal ek groter wees as jy.”

41 Farao het ook vir Yosef gesê: “Let op, ek het jou aangestel oor die hele land van Mitzrayim.”

Vanuit hierdie posisie van gesag het Yosef die Mitzrayimiete gedien deur seker te maak dat daar genoeg voedsel vir almal in die land sal wees vir die sewe jaar van hongersnood.

Bogenoemde is 'n duidelike illustrasie van die ooreenkoms tussen Yosef en Yeshua. Daarom is die geskiedenis van Yosef 'n profetiese sinnebeeld (skadubeeld) van Yeshua dié Gesalfde Een. Onderstaande is voorbeelde van die talle ooreenkomste tussen Yosef en Yeshua:

Ooreenkoms	Yosef	Yeshua
Beide eersgeborenes.	Sy (Rachel) het hom Yosef genoem.. Gen. 30:24	...en hy (Yosef) het Hom Yeshua genoem. Matt. 1:25.
Geliefde van sy vader.	Yisra'el het Yosef meer liefgehad as al sy seuns. Gen. 37:3	“Let op, dit is My Seun, Wie Ek liefhet, in Wie Ek verheug is.” Matt. 3:17
Was afgunstig op hom en hom sonder rede gehaat.	...het hulle hom gehaat en kon nie vredevol en vriendelik met hom praat nie. Gen. 37:4	Want Pilatos het geweet dat die leierpriesters Hom uit afguns oorgelewer het. Mark. 15:10.
Is deur sy vader na sy broers gestuur	Gaan asseblief en kyk of dit goed gaan met jou broers. Gen. 37:14	Ek sal my seun stuur vir wie ek lief is. Luk. 20:13
Sal eendag heers	...terwyl julle gerwe reg rondom kom staan en hulle voor my gerf neerbuig. Gen. 37:7	..sal julle die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van Krag... Matt. 26:64
Sy kleed geneem	...hulle Yosef se kleed uitgetrek het; die lang kleed met lang moue wat hy aangehad het. Gen. 37:23	...trek Sy klere uit en gooi 'n skarlaken rooi mantel om Hom. Matt. 27:28
Het 'n dienskneg geword	Yosef is afgebring na Mitzrayim... en hy het in die huis van sy meester, die Mitzrayiet, gebly. Gen. 39:1 en 2	maar Homself gestroop en die gestalte van 'n slaaf aangeneem het. Fil. 2:7
Beide was versoek, maar het nie gesondig nie	hoe kan ek hierdie groot boosheid doen en sondig teen God?” Gen. 39:9.	Een wat in alle opsigte getoets is net soos ons, maar sonder dat Hy sonde het. Heb. 4:15.
Sy eie broers het hom nie herken nie	Yosef het sy broers herken, maar hulle het hom nie herken nie. Gen. 42:7	Hy het na wat Syne is, gekom en Sy eie het Hom nie ontvang nie, Joh. 1:11

So is daar bykans 100 ooreenkomste tussen Yosef en Yeshua. Daarom word Yeshua ook genoem die Gesalfde Seun van Yosef. Maar die meerderheid Fariseërs en leraars van die wet het hom egter nie herken nie! Hulle het nie die Een van wie Moses geskryf het herken nie (Joh. 5:46)! Hulle het Yeshua nie herken nie as die vervulling van die belofte van die profeet soos Moses wat sou kom om aan hulle alles te sê wat God beveel het (Deut. 18:18).

Wat ook belangrik is van die geskiedenis van Yosef is die feit dat dit ook 'n sinnebeeld is van die huis van Y'udah wat voor die huis van Yosef (Efrayim) sal "buig" in erkenning dat Yeshua wel dié Gesalfde Een is wat gekom het om 'n folterdood te sterf vir die sondes van die hele Yisra'el en wat uit die dood opgestaan het en vandag sit aan die regterhand van יהוה-God!

5 Yosef het ook 'n droom gehad wat hy vir sy broers vertel het en hulle het hom nog meer gehaat.

6 Hy het vir hulle gesê: "Luister asseblief na hierdie droom wat ek gehad het.

7 Let op, ons was besig om gerwe te bind op die land toe my gerf meteens opstaan en regop bly staan terwyl julle gerwe reg rondom kom staan en hulle voor my gerf neerbuig."

8 Sy broers sê vir hom: "Sal jy miskien koning wees oor ons? Of sal jy miskien oor ons heers?" Hulle het hom nog meer gehaat oor sy drome en oor sy woorde. Gen. 37:5-8.

Ons weet dat Yosef se droom waar geword het en dat Yosef se broers (die latere huis van Y'udah) voor hom in Mitzrayim gebuig het! Hierdie geskiedenis is profeties van toekomstige gebeure wat weer herhaal sal word.

Die geskiedenis van Yosef en sy broers is daarom 'n sinnebeeld dat dit die huis van Y'udah is wat uiteindelik voor die huis van Yosef (ook bekend as Efrayim en Yisra'el) sal "buig" in erkenning dat Yeshua dié Gesalfde Een is! Dit is Y'udah wat Yosef verkoop het en so ook het die huis van Y'udah (die Jodedom) vir Yeshua 'verkoop'. Y'udah en sy broers het sy vader Ya'akov se geliefde seun Yosef verwerp en so verwerp hedendaagse Rabbynse Judaïsme ook יהוה se geliefde Seun!

Dit is die huis van Efrayim (Yosef) wat die huis van Y'udah ten opsigte van Yeshua, dié Gesalfde Een, asook eindtydprofesie moet leer, want dit was Yosef wat die waarheid aan sy broers openbaar het! Onthou: Rabbynse Judaïsme verwerp die Apostoliese Skrifte en daarom sien hulle nie die volledige prentjie van eindtyd gebeure nie!

Yosef is 'n sinnebeeld van Yeshua en daarom sal die huis van Y'udah in die einde van dae voor die Koning van alle konings buig in erkenning dat Yeshua dié Gesalfde Een is wat hulle voorgeslagte verwerp het!

Op Sy klere, oor Sy heup, is die Naam geskryf: die Koning van die konings en die Meester van die meesters. Open. 19:16.

Yosef se broers het hom aanvanklik nie herken nie, want hy het anders gelyk en het 'n ander naam gehad. In Gen. 41:45 lees ons dat *Farao het Yosef Tzafnat-Pa'neag genoem*. Selfs hierdie Egiptiese naam is 'n heenwysing na Yeshua, want die naam volgens Brown-Driver-Briggs se Hebrew Definitions (H6847) beteken: "treasury of the glorious rest" (skatkamer van glorieryke rus). Yeshua is daardie skatkamer van ewige en glorieryke rus waarna die skrywer van die brief aan die Hebreërs verwys (Heb. 4:4-11).

Hierdie geskiedenis van Yosef is in ons tyd besig om herhaal te word. Die hedendaagse Yosefs is diegene wat die misleiding van die Christendom verlaat het en hulself aan die huis

van Y'udah bekend maak deur die ware Name van God te gebruik, die Shabbat en die feestye te gedenk en die Torah van יהוה, soos dit in Yeshua vervul is, te onderhou.

Talle van Yeshua se eie mense het Hom verwerp (Joh. 1:11) en daarom is die Koninkryk van God van hulle weggeneem en aan 'n volk gegee wat die vrugte daarvan sal dra (Matt. 21:43). Maar Sha'ul herinner ons daaraan dat deur die Jode se struikeling het daar verlossing vir die ander nasies gekom, om hulle, die Jode, jaloers te maak (Rom. 11:11)

Soos Yosef van ouds kan die hedendaagse Yosefs die Brood van die Lewe, naamlik Yeshua, dié Gesalfde Een aan die huis van Y'udah "aanbied" wat tans 'n geestelike hongersnood het, hoewel hulle dit nie besef nie.

Yeshua sê vir hulle: “אנא אנא - Ek is, was, sal wees Wie Ek is, was, sal wees, die Brood van Lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger wees nie en wie in My vertrou, sal nooit dors wees nie, tot in ewigheid. Joh. 6:35.

Dit is die hedendaagse Yosefs wat die waarheid van Yeshua, dié Gesalfde Een, aan sy broers (huis van Y'udah; Jode) bekend moet maak! Maar uiteindelik sal dit Yeshua self wees wat by Sy wederkoms Homself aan die Jode sal openbaar!

Dit was Yosef wat sy ware identiteit aan sy broers bekend gemaak het:

³ Yosef sê vir sy broers: “Ek is Yosef! Leef my vader nog?” Maar sy broers was nie in staat om hom te antwoord nie, want hulle het van binne gebewe oor sy teenwoordigheid.

⁴ Yosef sê vir sy broers: “Kom nader na my toe.” Hulle het nader gekom. Hy sê: “Ek is julle broer Yosef vir wie julle na Mitzrayim toe verkoop het. Gen. 45:3-4.

Eers toe het Yosef se broers se oë oopgegaan. Hierdie is profeties van die dag soos wat deur יהוה bepaal sal word wanneer die huis van Y'udah se oë sal oopgaan by die openbaring van Yeshua as dié Gesalfde Een van God. Dit sal wees soos ons in Open. 1:7 lees:

Let op, Hy kom met die wolke en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteeke het en al die families van die aarde sal oor Hom rou. Ja, dit is waar!

In en deur Yeshua sal יהוה-God se Meesterplan van herstel voltooi word! Ja, waarlik! Hy is die Alef en ook die Tav! Hy wat is en wat was en wat kom; Hy wat alles vashou (Open. 1:8).

Bepeins of Bespreek

1. Dit is die algemene siening van die Messiaanse Beweging dat dit die huis van Efrayim (Yosef) is wat by die huis van Y'udah (Rabbynse Judaïsme) moet gaan leer. Hoe kan ons gaan leer by diegene wat Yeshua as dié Gesalfde van God verwerp? Yeshua het juis sy volgelinge gewaarsku teen die suurdeeg van die Fariseërs (Matt. 6:12)! Voor wie buig jy en by wie se voete sit jy om te leer van יהוה en Yeshua? Wie is jou Rabbi – jou Leermeester? Hierdie word meer volledig bespreek in die artikel “Wie Is Jou Rabbi” wat afgelaai kan word by: [Okt15Leermeester](#).
2. Is die Christendom daaraan skuldig dat die Jode steeds Yeshua verwerp? Antwoord in die lig van die volgende: *Christianity has so consistently misrepresented Yeshua of Nazareth to the Jewish people that most devout Jewish people cannot accept the notion that He might have been a good Jew, much less, the Messiah of all Israel. Many devout Jewish people are unaware that Yeshua was Jewish at all* (Parashah 11; FFOZ, 2015). Lees ook

die artikel van Hein Zentgraf, “Volksmoord” (beskikbaar by: [Volksmoord](#)) om beter begrip te kry oor hoekom die Jode, veral Ortodokse Jode, so gekant is teen die Christendom. En nadat jy dit gelees het, vra jouself ook hierdie vraag: met al hierdie negatiewe skakels met die Christendom, wil ek regtig myself ‘n Christen noem?

Ons Dae van Verblyf as Besoeker

Toe Yosef sy vader Ya’akov aan Farao voorstel, was Farao se eerste vraag aan Ya’akov: “Hoeveel is die dae van jou lewensjare?” (Gen. 47:8). Maar luister hoe antwoord Jakob:

Ya’akov het Farao geantwoord: “Die dae van die jare van my verblyf as besoeker is honderd en dertig jaar. Min in getal en vol boosheid was die dae van my lewensjare en hulle het nie die dae van die lewensjare van my vaders, gedurende die dae van hulle verblyf as besoekers, bereik nie.” Gen. 47:9

Hoekom wou Farao die ouderdom van Ya’akov weet? Was dit omrede hy so oud en afgemat gelyk het? Waarskynlik, want Ya’akov se lewensjare was nie gemaksugtig nie! Hy het vir twintig jaar vir Laban gewerk en soos hy tereg vir hom gesê het:

40 Daar was ek, bedags deur die hitte verteer en snags deur die koue en my slaap het gevlug van my oë.

41 So was ek in u huis vir twintig jaar; ek het u veertien jaar gedien vir u twee dogters en ses jaar vir u kleinvee en u het my loon tien maal verander. Gen. 31:40-41.

Dan het Ya’akov ook sy geliefde vrou, Rivkah, aan die dood afgestaan en het hy ook vir 20 jaar gerou oor sy geliefde seun Yosef. Sekerlik het Ya’akov op die ouderdom van 130 nog ouer gelyk as wat hy werklik was!

Maar hoekom verwys Ya’akov na die dae van die jare van my verblyf as besoeker is honderd en dertig jaar? Al Ya’akov se lewensjare sedert sy vader Yitz’gak hom gesêen het, was in die verwagting dat hy volgens יהוה se belofte aan sy oupa Avraham in die Beloofde Land sou woon en sterwe. Maar nou was Ya’akov in Mitzrayim en hy het besef dat sy lewensjare, net soos die van Avraham en Yitz’gak, jare van ‘n nomadiese bestaan en vreemdelingskap sal wees. Daarom lees ons in Heb. 11:13-16 aangaande ons geestelike voorvaders die volgende:

13 In vertroue is hulle almal dood, sonder om die beloftes te ontvang, maar hulle het dit op ‘n afstand gesien en hulleself daarin verheug en het erken dat hulle vreemdelinge en nomades op aarde is,

14 want die wat sulke dinge sê, wys dat hulle vir hulle ‘n stad soek.

15 As hulle na dié stad waaruit hulle weggetrek het, gesoek het, was daar vir hulle tyd om weer daarheen terug te gaan,

16 maar nou is dit duidelik dat hulle na ‘n beter een verlang; na dit wat in die hemel is; daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle ‘n stad voorberei.

Die skrywer van die brief aan die Hebreërs herinner ons daaraan dat Avraham, Yitz’gak en Ya’akov vreemdelinge (besoekers) en nomades op aarde was wat se verwagting meer was as net die land Kanaän. Hulle verwagting was die vervulling van die belofte van die stad wat יהוה-God vir hulle, en vir elkeen wat soos hulle in vertroue en gehoorsaamheid leef, voorberei het.

So is ons vandag ook besoekers (vreemdelinge) en bywoners hier op aarde. Daarom skryf Petrus: “maar ons verwag volgens Sy belofte, nuwe hemele en ’n nuwe aarde waarin onpartydige opregtheid sal bly” (2Pet. 3:13).

Bepeins of Bespreek

1. Was Ya’akov nie ondankbaar toe hy aan Farao gesê het dat sy jare min in getal en vol boosheid (teëspoed) was nie? Het God dan nie vir Ya’akov ook die belofte van die verbond met Avraham gegee nie, en hom gered uit die hand van Esav en Laban nie, en Yosef en Binyamin aan hom weer terugbesorg nie, en hom en sy familie van hongersnood gered nie, asook hom op vele ander wyses geseën nie? Ons vergeet te maklik al die seëninge van God, maar nooit die tye van teëspoed nie! Is ons lewens nie propvol seëninge met tussenposes van teëspoed nie?

To me, life is a gift, and it's a blessing to just be alive. And each person should learn what a gift it is to be alive no matter how tough things get. – Tony Bennett.

God will not permit any troubles to come upon us, unless He has a specific plan by which great blessing can come out of the difficulty. – Peter Marshall.

If you tell God no because He won't explain the reason He wants you to do something, you are actually hindering His blessing. But when you say yes to Him, all of heaven opens to pour out His goodness and reward your obedience. What matters more than material blessings are the things He is teaching us in our spirit! – Charles Stanley.

2. Leef jy ook soos Avraham, Yitz’gak en Ya’acov as vreemdelinge hier op aarde met ‘n sekere verwagting van ‘n nuwe hemel en aarde? Wat behels dit om as vreemdeling (besoeker) hier op aarde te lewe? Verwys Ps. 119:19 – Is jy soos ‘n vreemdeling (besoeker) omrede jy God se Torah gehoorsaam en die meeste ander nie?

-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.